basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2018

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 41 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE die hele vraestel deurlees NIE.

2. Gebruik die inhoudsopgawe op bladsy 3 om jou met jou keuses te help.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

4. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat jy bestudeer het.

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

5. Dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle hierdie jaar bestudeer het, op die kontrolelys aan. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

9. Vrae moet in Standaardafrikaans beantwoord word en nie in 'n ander taal nie.

10. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN **Beantwoord slegs EEN vraag.**		
VRAAGNOMMER	**PUNTE**	**BLADSYNOMMER**
1. *Kringe in 'n Bos*	35	5
2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom*	35	9
3. *Meeulanders*	35	13
4. *Lien se Lankstaanskoene*	35	17
AFDELING B: DRAMA **Beantwoord slegs EEN vraag.**		
5. *Poppie – Die Drama*	35	21
6. *Paljas*	35	25
7. *Fiela se Kind – Die Drama*	35	29
AFDELING C: KORTVERHALE **Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.**		
8.1 "Roep van die vleikuiken"	18	33
EN		
8.2 "Die ballade van Robbie de Wee"	17	35
AFDELING D: GEDIGTE **Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.**		
9.1 "Huiskat"	17	38
EN		
9.2 "Die boodskapper"	18	40

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste aantal vrae beantwoord.

AFDELING	VRAAGNOMMERS	AANTAL VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (✓)
A: Roman	1–4	1	
B: Drama	5–7	1	
C: Kortverhale	8	1 (2 kortverhale)	
D: Gedigte	9	1 (2 gedigte)	
LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.			

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

Dis twee jaar van sy lewe wat hy, ten spyte van alles, vir niks sal verruil nie, want Kate lê in daardie twee jaar.
Kate.

Dit het winter geword in die houtskuur.

***

"Hallo, Charles Dickens!" Sy het skielik op die hoek van die skuur gestaan. Die donkerblou fluweelband wat haar lang, blink hare uit haar gesig gehou het, was dieselfde kleur as haar rok. Angstig nuuskierig, soos een wat geweet het sy trap op verbode grond, het sy nader gekom en 'n guitigheid het in haar groot, donker oë gespeel. "Ek sê hallo, Charles Dickens!"

"My naam is Saul Barnard," het hy botweg gesê en anderpad gekyk. MacDonald het 'n streep tussen die skuur en die huis getrek waaroor 'n handlanger dit nie eens sou waag om te kyk nie. Die streep was vir Kate ook getrek. MacDonald moes haar gereeld terugstuur na haar kant toe. Maar keer op keer het sy dit maar weer na hierdie kant toe oortree en Saul het geleer om te maak of hy haar net nie sien nie.

Sy het tot by hom gekom. "Die kinders by die skool is tog jaloers omdat ons ons eie Charles Dickens het," het sy vermakerig gesê.

"Onthou net om vir jou pa te sê dat jy sélf hiernatoe gekom het. Ek wil niks met julle te doen hê nie."

1.1 Waarom het Saul vir MacDonald gaan werk? Gee TWEE redes. (2)

1.2 "Dit het winter geword in die houtskuur." (Reël 4)

Behalwe die koue, wat anders het dit vir Saul sleg gemaak daardie twee jaar in die houtskuur? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.3) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.3 E.

Wat is die funksie van die alleenplasing van Kate se naam in reël 3?

A Dit impliseer dat MacDonald en Saul gereeld oor Kate gestry het.
B Dit beklemtoon dat Kate nie na haar pa geluister het nie.
C Dit dui op die latere skeiding tussen Saul en Kate.
D Dit druk Saul se verlange na Kate uit. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

"Hallo, Charles Dickens!" (reël 5) sê vir ons dat Kate gesien het dat daar 'n ooreenkoms was tussen hoe Saul en Charles Dickens (gelyk/gelewe) het. (1)

1.5 Hoekom was dit goed vir Saul dat Kate hom leer Engels praat het? (1)

1.6 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.2) neer.

bymekaargebring; geëvalueer; uitmekaargehou; geklassifiseer

MacDonald het 'n streep tussen die skuur en die huis getrek omdat hy Saul en Kate in verskillende sosiale groepe (1.6.1) ... het. Hiermee wou MacDonald vir Saul en Kate (1.6.2) ... het. (2)

1.7 "Maar keer op keer het sy dit maar weer na hierdie kant toe oortree ..." (Reël 13–14)

Wat kan 'n mens uit hierdie optrede van Kate aflei? (1)

1.8 Terwyl Saul in MacDonald se skuur gebly het, het hy die nuus van Arend se dood gekry.

1.8.1 Wat het Saul gedoen om te wys hy was kwaad vir MacDonald? (1)

1.8.2 Wat was die gevolg van Saul se optrede in VRAAG 1.8.1 vir sy werk by MacDonald? (1)

1.9 Verskillende karakters het 'n rol gespeel om van Saul 'n alleenloper te maak.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.9.1–1.9.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.9.1	Hierdie karakter se optrede was tipies van die dorpsmense wat op die Bosmense neergesien het.	A	Kate
		B	Patterson
1.9.2	Hierdie karakter se kruiperigheid het konflik met Saul veroorsaak.	C	MacDonald
		D	Jozef
1.9.3	Hierdie karakter se fyn opvoeding het veroorsaak dat Saul hom eenkant gehou het.	E	Joram
1.9.4	Hierdie karakter het Saul valslik beskuldig dat hy 'n spioen was.		

(4 x 1) (4)

1.10 Toe Saul by MacDonald gewerk het, het hy gesien dat die koop en verkoop van hout 'n skewe sirkel was. Aan die einde van die verhaal sou Saul in sy eie houtbesigheid anders teenoor die houtkappers optree.

Wat sou Saul doen om regverdig teenoor die houtkappers te wees? (1)

1.11 "Ek wil niks met julle te doen hê nie." (Reël 18–19)

Op watter manier het Saul se lewe aan die einde van die roman anders geëindig as wat hy in die uittreksel voorsien het? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

"Saul." Dit was dringend.
"Kate, ons het ooreengekom om dinge versigtig te hou …"
"Ek weet. Maar ek bly die hele tyd bewus van die weggaan wat in jou is! Los my hare, Saul, en kyk na my … As jy bly, sal ek by die delwerskomitee gaan kennis gee en hier by jou kom bly. Niemand hoef te weet dat ek hier is nie."
Hy het opgestaan omdat hy sy liggaam nie vertrou het nie en om die vuur geloop. "Kate, drome werk nie uit in hierdie bos nie. Ek weet. Wat jy nou daar voorgestel het, durf ek nie toelaat nie – en moenie my selfbeheersing oorskat nie."
"Ek wil nie hê jy moet weggaan nie."
"Ek is klaar met die Bos, Kate."
"Ek verstaan jou nie, Saul! Hoeveel Sondae het ek jou agter die skuur gekry met verlange na die Bos deur jou hele lyf en kwaad in jou mond teen dié wat in hom woon? Die een oomblik het jy gesweer jy sal nooit weer jou voete in hom sit nie en die volgende oomblik het jy jou goed gevat en teruggekom. Jy het baie verander, Saul, maar nie in daardie opsig nie – jy hoort in die Bos. *By* die Bos."

***

"... De Regné is magteloos teen leë mae en fortuinsoekers en as ek hier sou bly, sal die dag aanbreek waarop die pikke en die grawe en die stampmeulens my oral inhaal. Daar sal nêrens meer skuilte wees nie."

1.12 In watter deel van die Bos was Saul en Kate in hierdie uittreksel? (1)

1.13 Op watter manier was Kate by die delwerskomitee betrokke? (1)

1.14 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Kate wou so graag by Saul wees dat sy bereid was om haar hele lewe daarvoor te verander. (1)

1.15 "Kate, drome werk nie uit in hierdie bos nie. Ek weet." (Reël 7)

Saul se drome vir die Bosmense het nie uitgewerk nie omdat hulle hom vir sekere dinge blameer het. Noem DRIE dinge waarvoor die Bosmense vir Saul blameer het. (3)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.16) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.16 E.

Kate se droom as kind is later bewaarheid toe sy en Saul ...

A verby die groot kalander gestap het.
B in die Bos piekniek gehou het.
C saam vir Oupoot gesien het.
D die delwers gehelp het. (1)

1.17 In reël 12–16 het Kate die hele tyd op Saul se verhouding met die Bos gehamer.

Hoekom het sy dit gedoen? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.18) en die antwoord neer.

Uit die laaste paragraaf kan ons Saul se (innerlike/uiterlike) konflik aflei. (1)

1.19 "... De Regné is magteloos teen leë mae en fortuinsoekers ..." (Reël 17)

1.19.1 Na wie se "leë mae" word hier verwys? (1)

1.19.2 Wie is die "fortuinsoekers" na wie hier verwys word? (1)

1.20 Dink jy hierdie paar dae wat Saul en Kate saam was, het bygedra tot Kate se besluit oor Thompson se hoekerf? Motiveer jou antwoord. (1)

1.21 Saul het vir Kate gesê dat hy nie kon toelaat dat sy by hom bly nie.

Waarom kan 'n mens sê dat Saul hier verantwoordelik opgetree het? (1)

1.22 Die gebeure hieronder is deel van Saul se betrokkenheid by die Bos.

Skryf die vier gebeure onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur het:

- Saul het die delwers saam met wie hy gewerk het, geleer om die Bos te respekteer.
- Saul het besluit om slegs hout te koop waarop die boswagter se merk was.
- Saul het as houtkneg by MacDonald gewerk.
- Saul het geweier om die kalander af te kap. (4)

1.23 Die "leë mae en fortuinsoekers" (reël 17) is deel van die skewe sirkel waarmee Saul kennis gemaak het.

Op watter manier is hierdie skewe sirkel vandag nog deel van die samelewing? (1)

[35]

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS C

"En as ons nie die kar kan uitstoot of uittrek nie," het hy gesê, "kan ons ten minste sy tas terugbring. Dan kan hy ophou kerm oor hy my macho klere moet dra."

En nou is ek so verveeld dat ek weer aan Fabienne begin dink. Ek wonder wat sy sou gedoen het as sy hier op die berg vasgekeer was. Maar ek kan my amper nie voorstel dat so iets ooit met haar sou gebeur nie. Fabienne het die soort gesin wat in styl vakansie hou. Hulle het genoeg geld om in deftige hotelle te bly. Of in gemaklike gastehuise. Op eksotiese eilande en sulke soort plekke. Hulle sal beslis nie 'n bouval op 'n berg by iemand hoef te leen nie. En aangesien Fabienne saam met haar eie ma en haar eie pa in 'n huis woon, sonder enige aangelapte stieffamilie, sal sy ook nie met kuiergaste soos Gavin of Margot hoef te sukkel nie.

Miskien moet ek 'n toneelstuk probeer skryf. Oor 'n klomp vreemde karakters wat in 'n huis vasgekeer is. En dan word een van die karakters vermoor (Margot sal beslis my eerste keuse wees) en die res moet uitvind wie die moordenaar is. Teen dié tyd het die meeste van ons seker al 'n rede om vir Margot uit die weg te ruim.

Mana sal Verdagte Nommer Een wees ... En Beyers sal Verdagte Nommer Twee wees.

2.1 Wie se kar het in die modder vasgeval? (Reël 1) (1)

2.2 "Dan kan hy ophou kerm oor hy my macho klere moet dra." (Reël 2–3)

2.2.1 Wat het Beyers met "macho klere" bedoel? (1)

2.2.2 Waarom het die persoon wat in VRAAG 2.1 praat, gekerm omdat hy "macho klere" moes dra? (1)

2.3 Hoekom is Hanna en haar gesin op die berg vasgekeer? (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.4) en die antwoord neer.

In paragraaf 2 gee Hanna vir die leser heelwat detail oor Fabienne se gesin. Hiermee het sy duidelik die (ooreenkomste/verskille) tussen haar gesin en Fabienne se gesin uitgewys. (1)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.5) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 2.5 E.

Hanna gebruik graag beskrywende woorde. Hieruit kan ons aflei dat Hanna van 'n ... effek in haar stories gehou het.

A ironiese
B dramatiese
C sarkastiese
D humoristiese (1)

2.6 "(Margot sal beslis my eerste keuse wees)" (reël 14).

Wat is die funksie van hierdie inlassin of ekstra inligting tussen hakies? (1)

2.7 Hanna het gedink dat Mana Verdagte Nommer Een (reël 17) sou wees in 'n toneelstuk waarin Margot vermoor word.

Gee DRIE moontlike redes waarom Mana vir Margot sou wou vermoor. (3)

2.8 Beyers het gesê dat Margot nie hulpvaardig was nie en dat sy baie van haar lang naels gehou het.

Hoe het Margot later bewys dat Beyers verkeerd was? (1)

2.9 Terwyl Hanna saam met haar "aangelapte stieffamilie" (reël 10–11) op die berg was, het sekere karakters Hanna anders na haarself en haar familie laat kyk.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.9.1–2.9.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.9.1	Hierdie karakter het Hanna verseker dat sy nog altyd "fabulous" was.	A	Margot
2.9.2	Hierdie karakter het Hanna laat besef dat sy bevoorreg was om haar ma by haar te hê.	B	Beyers
2.9.3	Hierdie karakter het ten slotte vir Hanna gesê dat sy 'n suksesvolle skrywer kon word.	C	Sharon
2.9.4	Hierdie karakter het Hanna laat besef dat sy haar nie vir haar familie hoef te skaam nie.	D	Gavin
		E	Yann

(4 x 1) (4)

2.10 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Gavin se besoek het vir Hanna baie hartseer veroorsaak. (1)

2.11 Mana se doel met die "wittebrood" op die berg was dat haar gesin mekaar moes leer ken.

Waarom kan 'n mens sê dat Mana in haar doel geslaag het? (1)

2.12 Waarom sou sommige tieners met Hanna kon identifiseer? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS D

"Margot, my engel, drop your act. Ons weet almal jy's nie wat jy voorgee om te wees nie."
"Wat presies bedoel jy? *My engel*?"
"Net wat ek sê. *Poplap*. Hou op om jou soos 'n bedorwe brokkie uit Hollywood te gedra."
Stel jou dit voor, liewe leser. Twee koninginne wat mekaar takel.
"Ek sal eerder 'n bedorwe brokkie in Hollywood wees as 'n ... as 'n *modepop* in Johannesburg!"
"Ek ken my beperkinge, my engel. Anders as sommige van ons. Ek wéét ek het nie genoeg talent vir die buiteland nie."
"Jy bedoel jy weet jy't nie genoeg *guts* vir die buiteland nie."
Hulle het mekaar van kop tot tone sleggesê. En net toe ek dog nou's daar sweerlik niks oor om te sê nie, nou gaan hulle mekaar letterlik in die hare vlieg, toe slaan Gavin Margot se voete onder haar uit. Deur haar 'n kompliment te gee!
"Jy's fabulous, Margot. Toe ek jou vanoggend daar in die kombuis sien, sonder 'n greintjie make-up, het jy my asem weggeslaan. Dis nie nodig om iets anders te probeer wees as wat jy is nie."
Margot het lank stilgebly. Toe sy weer praat, was haar stem dof, asof sy 'n stuk lap voor haar mond hou.
"Wat is ek nou eintlik, Gavin? Dink bietjie daaraan. 'n Mislukte ma en 'n mislukte aktrise. Sou jy nie ook iemand anders wou wees as jy ek was nie?"

2.13 Waarom het Margot Suid-Afrika toe gekom? (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.14) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 2.14 E.

As Margot en Gavin mekaar *My engel* en *Poplap* noem, is hulle ...

A sarkasties.
B emosioneel.
C opgewonde.
D komplimenterend. (1)

2.15 "Twee koninginne wat mekaar takel." (Reël 6)

2.15.1 Hoekom word daar na Gavin as 'n "koningin" verwys? (1)

2.15.2 Hoekom word daar na Margot as 'n "koningin" verwys? (1)

2.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.16) en die antwoord neer.

As Gavin vir Margot sê: "Ek ken my beperkinge," wys dit dat Gavin 'n (swak/realistiese) selfbeeld het. (1)

2.17 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.17.1–2.17.2) neer.

verwaand; menslik; kwaai; opreg

Die kompliment wat Gavin vir Margot gegee het (reël 15–17), is (2.17.1) ... bedoel. Gavin wou vir Margot laat verstaan dat sy ook net (2.17.2) ... was. (2)

2.18 Wat kan ons aflei uit die feit dat Margot eers lank stilgebly het en toe met 'n dowwe stem gepraat het? (1)

2.19 "Dis nie nodig om iets anders te probeer wees as wat jy is nie." (Reël 16–17)

Waarom kan 'n mens sê dat hierdie woorde van Gavin ook op Hanna van toepassing was? (1)

2.20 Sekere ongewone gebeure in hierdie roman kan werklik die "ongelooflike avonture" van Hanna Hoekom genoem word.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur het:

- Die modepop van Johannesburg het vol modder by Hanna-hulle aangekom.
- Die bedorwe brokkie uit Hollywood het in die gietende reën opgedaag.
- Mana en haar gesin het op die berg aangekom vir die beplande "wittebrood".
- Ditjie het haar opwagting heel onverwags gemaak. (4)

2.21 Margot het Hanna se gesin op die berg leer ken. Hoe kon dit Margot help om oor haar eie rol as ma na te dink? (1)

2.22 Kan 'n mens Gavin blameer dat hy 'n afwesige pa in Hanna se lewe was? Motiveer jou antwoord. (1)

2.23 "Toe ek jou vanoggend daar in die kombuis sien, **sonder 'n greintjie make-up**, het jy my asem weggeslaan." (Reël 15–16)

Waarom was hierdie vetgedrukte woorde op daardie stadium die regte woorde wat Margot moes hoor? (1)

2.24 Hoekom is die gebruik van Engelse woorde in hierdie roman gepas? (1)
[35]

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS E

"Attie sê my jy gaan Ousanna se huis koop? Gaan jy daar woon?"
Sy knik. "Maar daar's taamlik werk. Die plafonne en die bedrading sal oorgedoen moet word. En ek wil die stoepvenster vergroot." Sy huiwer 'n oomblik en sê dan versigtig: "Janka kan by my ook kom bly, as sy wil."
Hy gaan terug na die lessenaar. "Jy hoef mos nie verantwoordelik vir haar te voel nie."
"Hoe kan jy dit vir my sê?"
"Omdat ek wil hê jy moet vry voel om jou lewe in te rig soos jy dit verkies."
"Wat bedoel jy daarmee?"
"Jy kon destyds teruggegaan het Kaap toe. Jy het nie. Jy kon met Attie getrou het. Jy het nie. Dit was Janka ... was dit nie? Jy het dikwels gesê jy voel skuldig ... oor Elsabet wat nie die waarheid weet nie. Wel, dis nie nodig om meer skuldig te voel nie."

***

Op die voorpunt van die jettie sit die klein, stil figuurtjie. Sy wag. En uiteindelik, saggies-saggies, veraf, kom die geluid oor die see: die sagte gebrom van 'n enjin. Die geluid word duideliker. Hy kom oor die see, soos Jannerik gesê het.

***

By die braaivleisvuur spits Jacob sy geoefende oor. Dan hardloop hy die kombuis binne. "Kom, Daniel!" Hy reik na die geweer bo-op die kombuiskas en vat die flits.

3.1 Watter naam het Attie vir Ryna se huis op Salamanderbaai gegee? (1)

3.2 Reggie het 'n ou trommeltjie op die plafon van Ousanna se huis gekry.

3.2.1 Aan wie het hierdie trommeltjie behoort? (1)

3.2.2 Behalwe 'n los velletjie papier, wat was daar nog in hierdie trommeltjie? Noem DRIE dinge. (3)

3.3 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.2) neer.

antwoord;	naam;	formule;	aanwysing

Die (3.3.1) ... wat in die boodskappie op die los velletjie papier in die trommel geskryf was, was die (3.3.2) ... waarna die Meeulanders lank gesoek het. (2)

3.4 Watter waarheid het Elsabet nie geweet nie? (Reël 12) (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.5) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 3.5 E.

In reël 10 en 11 herhaal Jacob die woorde: "Jy het nie."

Watter doel dien hierdie herhaling van Jakob se woorde teenoor Ryna?

A Dit versterk Jacob se standpunt.
B Dit lig Jacob se moedeloosheid uit.
C Dit wys dat Jacob Ryna hiermee wil beïnvloed.
D Dit beklemtoon Jacob se teleurstelling in Ryna. (1)

3.6 "Hy kom oor die see, soos Jannerik gesê het." (Reël 16)

Wie, het Janka gedink, het oor die see gekom? (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.7) en die antwoord neer.

Skalla het nie daardie aand met goeie bedoelinge Meeuland toe gegaan nie. Sy koms was dus in (kontras/harmonie) met die gees van Kersfees op die eiland. (1)

3.8 Janka het opgewonde na die "sagte gebrom" van die enjin geluister. Hoe het Jacob op hierdie geluid van die enjin gereageer? (1)

3.9 Hoe het hierdie aand in 'n krisis in die verhaal verander? (1)

3.10 Daar is baie geheime in hierdie roman.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.10.1–3.10.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.10.1	Hierdie karakter se misstap teenoor 'n jong meisie was lank 'n geheim.	A	Skalla
3.10.2	Hierdie karakter het 'n hartseer verlede vir ander weggesteek.	B	Fred
3.10.3	Hierdie karakter se betrokkenheid by Vincent Calvin se dood was 'n geheim.	C	Elsabet
3.10.4	Hierdie karakter is onder onverklaarbare omstandighede dood.	D	Jannerik
		E	Ryna

(4 x 1) (4)

3.11 Sê nou jy kon met Jacob praat nadat hy in reël 5–13 met Ryna gepraat het. Wat sou jy vir hom sê oor Ryna se besluit om te bly? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS F

Hy staan voor haar deur. ...
Sy kyk hom lank aan. "Jy weet?"
Hy knik.
"Die prof?"
Hy knik weer.
"Ek wou jou baie kere sê."
"Jy moes."
"Ek wou in die begin. Ja, ek wou dikwels. Maar ek kon nie. Later was dit moeilik."
"Dink jy nog dikwels aan die vrou wat jy was?"
"Mens kom nooit werklik weg van wat mens was nie. Maar ek wil nie weer Camilla wees nie."
"Ek is bly jy't Ryna geword."
Hulle gaan sit op die stoepmuurtjie. Die lafenis van die aandlug is verkwikkend. Hy praat 'n lang ruk nie, kyk oor die vol see. Sy gaan na binne en bring 'n bottel wyn en glase uit. Sy skink daarvan, maar sy gesig bly stroef en sy wonder waaroor.

***

Hansie se kombuis was koud en kosloos. Sy't by die tafel gesit met haar hande op haar skoot. "Mag die Here ons help, Ryna!" het sy radeloos opgekyk toe sy inkom. "Ek het probeer om vir Attie in die hande te kry ... hulle sal hom 'n boodskap gee."
Daniel het in die buitekamer op sy bed gelê en sy het na hom toe gegaan.
"Dis my skuld, tannie Ryna! Dis ek wat hom geroep het. Ek het gedog ons gaan hom net vang ... en polisie toe vat."
"Dis nie jou skuld nie, Danieltjie. Hoe kon jy tog weet? Hoe kon enigeen van ons tog weet?"

3.12 "Jy weet?" (Reël 2)

Wat is dit wat Jacob geweet het? (1)

3.13 Wie was die "prof" van wie Ryna in reël 4 gepraat het? (1)

3.14 As jy Ryna was, sou jy aan die begin vir Jacob die waarheid oor jou verlede vertel het? Motiveer jou antwoord. (1)

3.15 "Ek is bly jy't Ryna geword." (Reël 13)

Waarom, dink jy, het Jacob so gesê? (1)

3.16 "maar sy gesig bly stroef en sy wonder waaroor." (Reël 16–17)

3.16.1 Watter nuus het Mac daardie dag vir Jacob gegee? (1)

3.16.2 Hoekom was Jacob se gesig stroef? (1)

3.17 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Die rede vir Hansie se ontsteltenis oor Skalla se dood was omdat sy lief was vir Skalla. (1)

3.18 Sê of Skalla se dood Jacob se lewe tot en met die hofuitspraak positief of negatief beïnvloed het. Motiveer jou antwoord. (1)

3.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.19) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 3.19 E.

Watter karaktereienskap van Ryna kom duidelik in reël 22–25 na vore?

A Empatie
B Ongeduld
C Waardigheid
D Onbetrokkenheid (1)

3.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.20) en die antwoord neer.

As Ryna in reël 25 die verkleiningsvorm van Daniel se naam gebruik, is dit om Daniel te (verwyt/vertroos). (1)

3.21 "Dis ek wat hom geroep het." (Reël 23)

Daniel het gevoel dat dit sy skuld was dat Jacob vir Skalla doodgemaak het.

Waarom kan 'n mens sê dat Daniel nie nodig gehad het om skuldig te voel nie? (1)

3.22 Na Elsabet se dood, tot en met Skalla se eie dood, is daar aanduidings dat Skalla nie net 'n slegte karakter was nie.

Gee EEN voorbeeld om hierdie stelling te motiveer. (1)

3.23 Was die straf wat Jacob vir die moord op Skalla gekry het, te swaar of was dit gepas?

Motiveer jou antwoord. (1)

3.24 Die gebeure hieronder vorm deel van die afloop van hierdie roman.

Skryf die vier gebeure onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur het:

- Ryna het teruggegaan huis toe.
- Janka is uit die hospitaal ontslaan.
- Jacob het sy tronkstraf begin uitdien.
- Fred en Ryna het 'n eerlike gesprek in Kaapstad gehad. (4)

[35]

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS G

Die afgevaardigde van Tibet

Dis 'n man met rooi hare en baie sproete wat die wit Volvo bestuur. Langs hom sit 'n suur vrou met 'n muismondjie en 'n reuse-sonbril. Op die agterste sitplek loer 'n dogtertjie met rooi *ponytails* en sproete op haar neus oor 'n brilletjie na Lien. Sy het 'n Barbie-pop met 'n swart aandrok vol blinkertjies op haar skoot.

"Môre," sê die man vriendelik. "Jy kry seker warm."

"Nogal," sê Lien ongemaklik. Muismondjie kyk nie links of regs nie.

Die dogtertjie maak haar venster oop en hang half by die kar uit om Lien beter te kan sien.

"Britney," sê sy vir die pop, "vra vir haar of hulle arm is."

Lien ignoreer die snip.

"Britney," sê die kind weer, "dink jy ook sy het lelike skoene aan?"

Lien is lus en klap haar.

Die vrou sê iets onhoorbaars oor haar skouer en die dogtertjie druk die venster se toemaakknoppie. Die man gee vir Lien 'n hand vol kleingeld net toe die lig genadiglik groen slaan …

Tibbey werk nie vandag nie. Lien vermoed hy werk in die rolbalklub se tuin. Teetyd is net sy en Roos onder die akasiaboom. Hulle praat nie. Lien eet haar appel en hou Roos onderlangs dop. Die vrou het 'n *perm* wat soos 'n pruik lyk. Dis stokstyf en glad. Haar vel lyk soos leer, …

4.1 Watter bynaam het Lien vir die man in die wit Volvo gegee? (1)

4.2 Hoekom het Lien nie naby haar huis gestaan en bedel nie? (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.3) en die antwoord neer.

Lien was bereid om op die hoek van die straat te staan en bedel. Hieruit kan die leser aflei dat Lien (opgewonde/desperaat) was om geld te verdien. (1)

4.4 Lien was nie verantwoordelik vir die probleme in haar gesin nie.

4.4.1 Waarom kon Lien se pa nie vir die gesin sorg nie? (1)

4.4.2 Waaruit kan ons aflei dat Lien se ma ook nie hul nuwe situasie goed kon hanteer nie? (1)

4.5 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Die man in die Volvo het Lien laat besef dat sy enigiets vir geld sou doen. (1)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.6) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.6 E.

"Britney," sê sy vir die pop, "vra vir haar of hulle arm is." (Reël 9)

Hierdie woorde van die dogtertjie in die motor was ...

A liefdevol.
B opbouend.
C onsensitief.
D ondankbaar. (1)

4.7 Lien moes haar gesin finansieel ondersteun.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien het by die haarsalon gewerk.
- Lien het begin bedel om geld bymekaar te maak.
- Lien se gesin het in 'n woonstel gaan bly.
- Lien het vir 'n kort rukkie in die koffiewinkel gewerk. (4)

4.8 Lien het die "lelike skoene" (reël 11) gekies. Sê waarom dit 'n praktiese keuse was. (1)

4.9 "… net toe die lig genadiglik groen slaan ..." (Reël 14–15)

Wat sê hierdie woorde vir ons van hoe Lien in hierdie situasie gevoel het? (1)

4.10 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.10.1–4.10.2) neer.

kos; oorsee; skool; drank

Lien se oorspronklike plan was om geld te spaar vir (4.10.1) … Uit die ontwikkeling van die verhaal sien ons dat sy egter meestal haar geld vir (4.10.2) … moes gebruik. (2)

4.11 Watter goeie raad het Roos vir Lien gegee om makliker te kon bedel? Noem TWEE feite. (2)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS H

Die voordeurklokkie lui.

"Los, los, los ek sal verder roer. Gaan maak oop. Dis jou vriende," sê tannie Bets terwyl sy die lepel by Lien vat. Sy proe aan die sous in die pan. "Mmm ... *perfect*!"

In die sitkamer snik Shania Twain 'n liedjie.

Wouter se hare is soort van gekam en Miemie het 'n seksie swart toppie aan wat haar gebrek aan bates beklemtoon. Lien nooi hulle ongemaklik binne. Miemie oorhandig 'n pakkie wat duidelik 'n toegedraaide CD is. Lien vermoed dis die nuwe Norah. "Ek sal my present later gee," fluister Wouter in haar oor. Lien vermoed dit gaan 'n bydrae tot die Fonds wees.

Sy skink vir hulle koeldrank. Wouter gesels gemaklik met haar ma-met-die-lemoensap-in-die-hand en praat rugby met Braam. Sy gaan help vir tannie Bets in die kombuis. Miemie kom saam.

"Die blerrie ding skaaf my gaar. Ek dink dis te klein," fluister Miemie terwyl sy aan die toppie karring.

***

... probeer slim Norah soos gewoonlik beter weet. Lien draai vies op haar sy en maak haar oë toe.

***

Die seuntjie en die dogtertjie met donker hare sit langs mekaar op 'n grasperk voor 'n groot pilaar. 'n Mens kan die straat skuins agter hulle sien.
Daar is 'n groot koek tussen hulle. Die kamera zoem in op die koek.

4.12 Hoekom was die mense by tannie Bets se woonstel? (1)

4.13 Tannie Bets het gereeld vir Lien-hulle kos gebring. Noem DRIE ander maniere waarop tannie Bets vir Lien en haar gesin gehelp het. (3)

4.14 "Lien nooi hulle ongemaklik binne." (Reël 7)

Hoe het Lien gedink gaan die aand wees? (1)

4.15 Na watter "Fonds" word in reël 10 verwys? (1)

4.16 Hoekom het Lien gedink dat Wouter iets tot die "Fonds" sou bydra? (1)

4.17 Verwys na reël 18–20.

4.17.1 Wie is die seuntjie? (1)

4.17.2 Wie was die kameraman? (1)

4.18 Sekere karakters het Lien baie gehelp.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.18.1–4.18.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.18.1	Hierdie karakter het vir Lien gewys hoe om die motoriste te vermaak terwyl hulle bedel.	A	Miemie
4.18.2	Hierdie karakter het Lien reg van die begin af moreel ondersteun.	B	Donovan
4.18.3	Hierdie karakter het begrip gehad vir ouers wat nie by hulle kinders betrokke is nie.	C	Roos
4.18.4	Hierdie karakter het Lien gehelp deur haar "werkplek" te beskerm.	D	Wouter
		E	Tibbey

(4 x 1) (4)

4.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.19) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.19 E.

Lien het regdeur die roman na die liedjies van Norah Jones geluister. (Reël 16) Dit was om ...

A Lien te help om van haar probleme te vergeet.
B Lien se verskillende gevoelens oor te dra of te beskryf.
C aan te dui dat Lien nie van haar ma se musiek gehou het nie.
D aan te dui dat Lien na oplossings vir haar probleme gesoek het. (1)

4.20 "Wouter gesels gemaklik met haar **ma-met-die-lemoensap-in-die-hand** ..." (reël 11–12).

Waarom word Lien se ma op hierdie manier beskryf? (1)

4.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.21) en die antwoord neer.

Kort na die gebeure in hierdie uittreksel het Lien se ma drank gesteel. Hieruit kan ons aflei dat Lien se ma dus net (tydelik/permanent) ophou drink het. (1)

4.22 Hoe help die woorde in skuinsdruk (reël 18–20) die leser om die roman te verstaan? (1)

4.23 Dink jy hierdie roman is aktueel vir tieners? Motiveer jou antwoord. (1)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

HOEDJIE. Die skoonmense was tevrede met Poppie ... en Stone was tevrede.
STONE *(kniel langs Poppie, neem haar hande).* Poppie ... as jy eendag kinders kry, dan moet jy jou meisiekinders grootmaak net soos jou ouma vir jou grootgemaak het ...
PLANK. En Poppie het nou nie meer vir hom Stone gesê nie, maar Bhuti-ka-ntombi, uit respek ... dit het beteken bhuti van haar man se broer se dogtertjie.
MAMA. En ek het vir hom gesê: Mkhwenyana ... wat beteken skoonseun ... en Plank en Hoedjie en Mosie het gesê swaer. Ons het hom nooit op sy naam gesê nie.
STONE *(vertel aan Poppie).* Ek het 'n erf gekry van die munisipaliteit en gaan saam met my bhuti vir ons 'n eenkamerhuis van sinkplaat en planke bou. Ek gaan 'n tuintjie voor die huis maak waar ons pampoen en wortels en mielies kan plant. Aan die einde van die jaar as ek vakansie kry, sal ons plan maak om Herschel toe te gaan, waar my pa en ma woon. *(Streel haar arm.)*

Spelers bou trein met trommels. Mimiek: stadige geskommel in trein.

POPPIE. So 'n stadige trein het ek nog nooit gesien nie.Toe was daai wêreld nou vir my baie vreemd, want ek het nog nooit daardie soort wêreld gesien nie. Die vreemdste was die baie berge.
MOSIE. Teen sononder van die vierde dag het hulle by Sterkspruit aangekom en oorgeklim op die bus na Herschel.

5.1 Op watter dorp is Poppie en Stone getroud? (1)

5.2 "... dan moet jy jou meisiekinders grootmaak net soos jou ouma vir jou grootgemaak het ..." (reël 3–4).

5.2.1 Hoekom het Ouma Hannie vir Poppie en haar broers grootgemaak? (1)

5.2.2 Hoe word die siklus van oumas wat na kleinkinders kyk, in Poppie se lewe herhaal? (1)

5.3 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.2) neer.

kritiseer; respekteer; manipuleer; komplimenteer

Met die woorde in reël 2–4 wou Stone vir Ouma Hannie (5.3.1) ... Ouma Hannie het haar kleinkinders geleer om mense soos oom Pengi, wat te veel gedrink het, te (5.3.2) ... (2)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.4) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 5.4 E.

In reël 11–15 word Stone gekarakteriseer as iemand wat sy gesin ... het.

A versorg
B vergeet
C vertroos
D verwaarloos (1)

5.5 *"(Streel haar arm.)"* (Reël 16)

Wat kan ons hieruit aflei van Stone se gevoel teenoor Poppie? (1)

5.6 Wat is die funksie van die neweteks in reël 17? (1)

5.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.7) en die antwoord neer.

Later in die drama het Poppie se skoonmense 'n (negatiewe/positiewe) rol in haar lewe gespeel toe haar dogters by hulle gaan bly het. (1)

5.8 Waaruit kan 'n mens aflei dat Poppie se skoonmense ver van hulle af gewoon het? (1)

5.9 Dink jy Poppie was die regte vrou vir Stone? Motiveer jou antwoord. (1)

5.10 Die reis na Herschel was vir Poppie ongemaklik en die omgewing was vreemd. Tog was die kuier by haar skoonmense vir Poppie 'n avontuur.

Motiveer waarom die kuier vir Poppie 'n avontuur was. (1)

5.11 In hierdie uittreksel word Stone op verskillende maniere aangespreek.

Hoe help dit die leser om die drama beter te verstaan? (1)

5.12 Poppie en haar gesin moes kort-kort trek.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Poppie het haar eie huis in Mdantsane gekry.
- Stone en Mosie het 'n huis op Jakkalsvlei gebou.
- Stone en Poppie het by Ma Lena in Elsiesrivier gaan bly.
- Na hulle troue het Stone vir Poppie 'n eie huis op die dorp gebou. (4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS J

Ligte doof uit.
Mr Stevens kom nader.

MR STEVENS *(wys met 'n stok na die kaart).* Jy moet nou kies, Rachel. Daar's Ilinge naby Queenstown, en Dimbaza naby King William's Town en Mdantsane wat ook in die Ciskei is, maar vlak by East London.
POPPIE. Ek ken dié plekke nie. *(Sy bly op dieselfde plek staan.)*
MR STEVENS *(maak haar stil.)* Kyk, ek wil jou help. As kind wat die dorpslewe gewoond is, dink ek dis die beste vir jou om na East London te gaan. Ek het al 'n slag die ander plekke gesien, maar laat ek nou eerlik met jou wees, jy moet hulle nie vat nie.

***

POPPIE *(aan gehoor).* Ek het nie gehuil toe die trein uit die stasie wegtrek nie. Wat voor sal ek huil? Wat kan jy nou doen? As jy nie meer eenkant toe kan nie, dan draai jy maar jou koers om.

***

POPPIE *(terwyl ander "Lied van die vreemde plek" op agtergrond sing.)* Toe lyk dit vir my baie rou, die plek, want dis mos nuwe huise en ons is al mense in die straat.

***

POPPIE. ... Hulle kan doen wat hulle wil, maar ek is nog nie afgedood nie. Nou gaan ek vorentoe. Ek gaan vorentoe met wat ek oorgehou het, en dis my kinders.

5.13 Die pasbeamptes in die Kaap wou Poppie na haar skoonmense in die Ciskei toe stuur.

Waarom wou Poppie nie by haar skoonmense gaan bly nie? Gee EEN rede. (1)

5.14 Hoekom het Mr Stevens vir Poppie "Rachel" genoem? (1)

5.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.15) en die antwoord neer.

Poppie het ingestem om Mdantsane toe te gaan, want daar sou 'n skool vir haar kinders wees. Hieruit kan ons aflei dat haar kinders se opvoeding vir Poppie 'n (prioriteit/bysaak) was. (1)

5.16 Watter ander voorwaarde het Poppie gestel om vrywillig Mdantsane toe te gaan? (1)

5.17 Poppie het Mdantsane toe getrek omdat sy gedink het dit was die beste vir haar kinders.

5.17.1 Watter kind van Poppie wou nie saamgaan nie? (1)

5.17.2 Hoe het hierdie kind dit vir Poppie in Mdantsane moeilik gemaak? (1)

5.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.18) en die letter (A–D) neer.

"(terwyl ander "Lied van die vreemde plek" op agtergrond sing.)" (Reël 14)

Die funksie van die lied wat die ander mense op die agtergrond gesing het, is om ...

A 'n atmosfeer van vrolikheid te skep.
B Poppie se verblyf in die Kaap te beskryf.
C die gedagte dat dit nuwe huise was, te versterk.
D Poppie se gevoel oor die nuwe omgewing te beklemtoon. (1)

5.19 "Toe lyk dit vir my baie rou, die plek ..." (Reël 14–15)

Waarom het Poppie gedink hulle nuwe blyplek was rou? Gee DRIE redes. (3)

5.20 "Kyk, ek wil jou help." (Reël 7)

Verskeie karakters het 'n positiewe rol in Poppie se lewe gespeel.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.20.1–5.20.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.20.1	Hierdie karakter het dit vir Poppie moontlik gemaak om met haar skoonouers te kon kommunikeer.	A	Mrs Retief
5.20.2	Hierdie karakter het vir Poppie laat verstaan dat sy 'n goeie werker was.	B	Mister Green
5.20.3	Hierdie karakter het vir Poppie moed ingepraat wanneer sy moedeloos gevoel het.	C	Mrs Swanepoel
5.20.4	Hierdie karakter het Poppie 'n paar keer gehelp, al was dit nie 'n permanente oplossing nie.	D	Ouma Hannie
		E	Mr Strydom

(4 x 1) (4)

5.21 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Die volgende aanhaling is 'n voorbeeld van 'n monoloog uit die drama:

POPPIE. ... Hulle kan doen wat hulle wil, maar ek is nog nie afgedood nie. Nou gaan ek vorentoe. Ek gaan vorentoe met wat ek oorgehou het, en dis my kinders. (1)

5.22 " ... dis die beste vir jou om na East London te gaan." (Reël 8)

Hoekom was dit nie die beste vir Poppie en Stone se verhouding dat Poppie in Mdantsane gaan bly het nie? (1)

5.23 "As jy nie meer eenkant toe kan nie, dan draai jy maar jou koers om." (Reël 12–13)

Watter lewensles leer Poppie vir die leser in hierdie reëls? (1)

5.24 Verwys na reël 17–19.

Hoe weet jy dat Poppie haarself motiveer? (1)
[35]

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

Hendrik staan op. Hy kom staan verdwaas agter Emma terwyl sy speel. Hy luister letterlik oopmond – en half geboë asof hy op heilige grond staan en kyk hoe 'n wonder gebeur. En Katrien kom staan langs Hendrik. Sy sit haar hand op Willem se kop.

95. 'n Jongerige man, ene Thys Briekman, staan op die koöperasie se stoep en laai sakke mieliemeel op Frans se bakkie. Frans staan en kyk. Naby die bakkie, maar ook op die hoë stoep, staan nog drie, vier boere. Pieta Benade, Sakkie du Toit, Jan Mol en ander.

FRANS: Wat se stories?
THYS: Nee, allerhande goed. Hulle sê die kind toor glo.
PIETA: Daardie mannetjie is met die maan gepla.
FRANS: Wat? Net oor hy nie meer praat nie?
PIETA: Hoekom praat hy nie meer nie? Hulle sê Oudokter sê sy pa het sy tong uitgesny.
JAN MOL: Seker vir een of ander offerande.
FRANS: Wat?
JAN MOL: Hoor hier, ek het dit met my eie oë gesien hoe hulle offer en als. Ek sal julle nou die altaar gaan wys. Dis duiwelsgoed, man.
FRANS: Dis als bog.
THYS *(laai nog heeltyd sakke meel)*: Nee, hulle sê hy loop heeltyd in die nag rond en hy sien gesigte en hy roep geeste op en offer dik snye brood vir die afgode.

6.1 Watter musiekinstrument het Emma bespeel? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.2) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.2 E.

"Hy luister letterlik oopmond – en half geboë ..." (reël 2).

Uit Hendrik se lyftaal kan 'n mens aflei dat hy ...

A ongelukkig was oor wat hy gesien en gehoor het.
B nie kon glo wat hy gesien en gehoor het nie.
C gebid het dat hierdie wonder moes gebeur.
D geweet het dat hierdie wonder sou gebeur. (1)

6.3 "... en kyk hoe 'n wonder gebeur." (Reël 2–3)

6.3.1 Wie het vir Emma oorreed om weer te speel? (1)

6.3.2 Watter ander wonderwerk het voor hierdie wonder gebeur? (1)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.4) en die antwoord neer.

Emma het vir lank nie gespeel nie. Dit was 'n aanduiding van die gesin se (gebrek aan geld/swak verhoudings). (1)

6.5 Ná watter insident het Jan Mol met die stories oor Willem begin? (1)

6.6 "Ek sal julle nou die altaar gaan wys. Dis duiwelsgoed, man." (Reël 17–18)

Gee nog DRIE ander voorbeelde van hierdie duiwelsgoed waarna Jan Mol verwys het. (3)

6.7 Die ander mense het gesê dat die McDonalds besig was met duiwelsgoed en afgodery. Waarom was dit verkeerd van die ander mense om die gesin hiervan te beskuldig? (1)

6.8 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Frans het nie maklik geglo wat hy by ander mense gehoor het nie. (1)

6.9 Wat het Willem met die dik snye brood gedoen? (1)

6.10 Musiek is 'n deurlopende motief in die drama.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die rol in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.10.1–6.10.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.10.1	Vir hierdie karakter was musiek 'n herinnering aan gelukkiger tye.	A	Nollie
6.10.2	Vir hierdie karakter was musiek 'n manier om ander mense gelukkig te maak.	B	Katrien
6.10.3	Vir hierdie karakter was musiek 'n motivering om positief te bly.	C	Hendrik
6.10.4	Vir hierdie karakter was musiek 'n verskoning om by Emma uit te kom.	D	Willem
		E	Manuel

(4 x 1) (4)

6.11 Het Frans genoeg rede gehad het om met Jan Mol te baklei? Motiveer jou antwoord. (1)

6.12 Verwys na reël 1–4.

Wat impliseer hierdie inligting oor die verhoudings tussen die verskillende lede van die McDonaldgesin? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS L

EMMA: Kan jy nie klop nie? *(Hy staar net terug.)*
NOLLIE: Waarheen gaan jy met daardie eier?
EMMA: Gaan jy al weer met jou trieks begin?
WILLEM: Pa sê ek moet. *(Hy gaan op die stoep uit. Daar steek 'n string sakdoeke agter onder sy hemp uit.)*

144. Die McDonald-huis se stoep is vol mense wat lag en lawaai. 'n Mens hoor Hendrik se musiek bokant die rumoer.
Hendrik skink met sy tuingietertjie bietjie dam by iemand se dop.

145. Katrien kom op die stoep uit met 'n skinkbord vol glase.
Willem staan vir sy pa en ma en kyk.
Katrien sê iets vir Hendrik naby sy oor en hy lag. Hy sit sy gietertjie neer en sit sy arms om Katrien en probeer haar teen hom vasdruk. Maar die skinkbord is in die pad.
Willem gaan sit op die stoepmuurtjie en hou die konsertina teen sy oor en druk 'n paar note. Maar hy hoor nie wat hy speel nie.

***

... Daar is 'n skielike gelag en Willem kyk op en sien hoe Hendrik met oordrewe gebare met Katrien dans.
Almal klap ritmies vir hulle hande.

146. Willem spring aan die buitekant van die stoepmuurtjie af en stap oor die werf. Daar staan 'n stuk of twintig motors. Die dakke blink in die maanlig.

147. Teen die huis se lig sien 'n mens hoe Willem teen die windpomp begin opklim. Hy gaan sit op 'n platform.

6.13 Die gemeenskap se vooroordeel het verskillende optredes uitgelok.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Mense het die McDonalds by die Volstruisdans verneder.
- Die dominee het die Mcdonalds by die huis besoek.
- Mense het die McDonalds se huis met klippe gegooi.
- Jan Mol het vir Manuel geskiet. (4)

6.14 Verwys na reël 1.

Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (6.14.1–6.14.2) neer.

ongeduldig; verleë; bang; teleurgesteld

Emma was (6.14.1) ... dat sy en Nollie nie alleen kon wees nie; daarom was sy (6.14.2) ... toe sy met Willem gepraat het. (2)

6.15 By wie het Willem die "trieks" (reël 3) geleer? (1)

6.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.16) en die antwoord neer.

"WILLEM: Pa sê ek moet." (Reël 4)

Hendrik se doel met Willem se toertjies was om (Willem uit die pad te kry/ die mense te vermaak). (1)

6.17 Hoekom het die mense na die McDonalds se huis gekom? (1)

6.18 Verwys na reël 15.

Waarom kon Willem nie hoor wat hy gespeel het nie? (1)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.19) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.19 E.

"Almal klap ritmies vir hulle hande." (Reël 18)

Hierdie woorde beklemtoon die ... tussen die McDonalds en die gemeenskap.

A wantroue
B ongemak
C versoening
D beleefdheid (1)

6.20 Hoe verskil Hendrik en Katrien se verhouding in hierdie uittreksel van hulle verhouding aan die begin van die drama? Verwys in jou antwoord na die begin en die einde van die drama. (2)

6.21 Wat is die funksie van die herhalende verwysing na die mense wat lag? (1)

6.22 Waarom kan 'n mens sê dat Manuel die gemeenskap positief beïnvloed het? (1)

6.23 Hoe slaag die dramaturg daarin dat die leser simpatie met Hendrik het? (1)

6.24 In hierdie drama word Willem as 'n eenkant-kind uitgebeeld.

Hoe sluit hierdie stelling by die slot van die drama aan? (1)

[35]

VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

ARMSTRONG: Hy's die loods onder by die koppe waar die skepe deurkom. Ek het vir hom gesê ek sal waak tot môre toe, dis my werk, maar dan moet die doeane-mense kom oorvat.
LUKAS: Ek sal graag vannag hier wou bly. Miskien kan ek help waak?
ARMSTRONG *(lag senuagtig)*: Oppas! Ek neem dalk jou aanbod aan. Wat kyk jy so aanhoudend in die lug op?
LUKAS: Ek het lank laas soveel sterre gesien.
ARMSTRONG: Kom jy dan uit die Bos?
LUKAS: Ja.
ARMSTRONG: Snaaks. Julle is mos nie mense wat met vreemdes gesels nie.
LUKAS *(op band terwyl die ligte uitdoof)*: As jy 'n ster sien skiet, moet jy vinnig wens, dan kom jou wens uit, het Nina altyd gesweer. Nie dat daar bo Barnard-se-eiland veel sterre verskiet het nie.
Ligte doof uit. As ligte opkom, is ons voor MISS WEATHERBURY se huis op die dorp. LUKAS klop aan deur. Deur oop.
WEATHERBURY: Was there something you wanted?
LUKAS: Ek is jammer om lastig te wees, maar ek het op die dorp gehoor dat my suster dalk hier werk. Nina. Nina van Rooyen.
WEATHERBURY: Jou *suster*?
LUKAS: Ja. My suster.
WEATHERBURY: (*kop in die lug; bytend)*: Werklik! Ongelukkig het die Nina van Rooyen wat in my diens is, geen familie nie.
LUKAS: Nina se verbeelding loop maar partykeer oor, tante.

7.1 Wat moes Armstrong gedurende die nag oppas? (1)

7.2 Hoekom het Elias vir Lukas op hierdie tydstip in die drama Knysna toe gestuur? (1)

7.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.3) en die antwoord neer.

Lukas was bereid om Armstrong te help omdat hy (geld wou verdien/ervaring wou opdoen.) (1)

7.4 "LUKAS: Ek het lank laas soveel sterre gesien." (Reël 7)

Aan watter gelukkige tyd in sy lewe het die baie sterre hom laat dink? (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.5) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.5 E.

"Snaaks. Julle is mos nie mense wat met vreemdes gesels nie." (Reël 10)

Met hierdie woorde ... Armstrong die Bosmense.

A motiveer
B manipuleer
C stereotipeer
D komplimenteer (1)

7.6 Hoekom was dit vir Lukas maklik om met vreemde mense te gesels? (1)

7.7 Hoekom word reël 11–13 op band gelees? (1)

7.8 "WEATHERBURY: Jou *suster*?" (Reël 19)
"WEATHERBURY: (*kop in die lug; bytend)*: Werklik!" (Reël 21)

Hoekom het *Miss* Weatherbury op hierdie manier teenoor Lukas gereageer? (1)

7.9 Gee DRIE redes waarom *Miss* Weatherbury vir Nina in diens geneem het. (3)

7.10 Nina het vir *Miss* Weatherbury gesê dat sy nie familie gehad het nie.

7.10.1 Wat kan 'n mens hieruit oor Nina aflei? (1)

7.10.2 Dink jy dit was reg van Nina om *Miss* Weatherbury te mislei? Motiveer jou antwoord. Hou die konteks waarbinne sy die leuen vertel het, in gedagte. (1)

7.11 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Lukas se ontmoeting met Armstrong was die begin van 'n nuwe fase in sy lewe. (1)

7.12 Verskillende karakters het 'n positiewe rol in Lukas se lewe gespeel.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.12.1–7.12.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.12.1	Hierdie karakter het voorsiening gemaak vir Lukas se toekoms.	A	Nina
7.12.2	Hierdie karakter het dit vir Lukas makliker gemaak om in die Bos aan te pas.	B	Tant Malie
7.12.3	Hierdie karakter het Lukas gehelp om die waarheid oor sy identiteit te kry.	C	Fiela
7.12.4	Hierdie karakter het vir Lukas rustig laat voel oor sy suster se veiligheid.	D	*Miss* Weatherbury
		E	Barta

(4 x 1) (4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

KITTIE: Pa is klaar, Ma.
FIELA: End nou af en sê Ma sê groete vir Nina.

Ligte uit. Musiek. Ligte op. Seetoneel. Vlagpaal met klipbankie. JOHN BENN is besig om met seilnaald 'n vlag te lap. LUKAS kom opgestap.

LUKAS: Ek het net kom sê ek is terug, *mister* Benn.
BENN *(laat naald vassteek in die vlag*): Jy lyk verkreukel, maar jy klink beter, Van Rooyen.
LUKAS: Ek is. En ek sal van hier af bekend staan as Benjamin Komoetie. Dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam. Daarby sal ek net kan uithelp tot Kaliel weer reg is om sy spaan te vat, dan gaan ek terug Lange Kloof toe. Na my mense toe.
BENN: Jy *is* beter. Jy bly nog 'n raaisel, maar jy's die man wat ek in jou gesoek het – Komoetie, het jy gesê?
LUKAS: Ja.

***

BENN: Loop sê vir Joop Stoep jy's terug.
LUKAS: Joop Stoep sal vandag ook nog vir my moet instaan, *mister* Benn. Ek moet na *miss* Weatherbury se huis toe gaan.

BENN *trek die naald deur die dik wit lap. Wanneer hy opkyk, is dit of daar êrens in sy ruie baard 'n glimlag huiwer.* LUKAS *loop weg terwyl die ligte uitdoof en die openingsmusiek herhaal word.*

Gordyn

7.13 Die volgende gebeure hou verband met Lukas/Benjamin se lewe as volwassene.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lukas kon self besluit dat hy 'n Komoetie wou wees.
- Lukas het besef dat hy op sy suster verlief was.
- Lukas het Barta gekonfronteer om die waarheid te vertel.
- Lukas het gehoor dat sy broer, Dawid, dood is. (4)

7.14 Kittie het namens Fiela en Selling vir Benjamin 'n brief geskryf.

7.14.1 Watter nuus oor Tollie was nie in die brief nie? (1)

7.14.2 Wat kan 'n mens aflei uit die feit dat Fiela vir Nina groete gestuur het? (1)

7.15 Watter werk het Lukas vir John Benn gedoen? (1)

7.16 Wie het vir Lukas gehelp om die werk by John Benn te kry? (1)

7.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.17) en die antwoord neer.

Die woord *"is"* (reël 12) staan in skuinsdruk om aan te toon dat John Benn die woord (sarkasties bedoel het/wou beklemtoon). (1)

7.18 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (7.18.1–7.18.2) neer.

geduldig; aggressief; hardkoppig; hardwerkend

John Benn was reg toe hy gesê het dat Komoetie 'n eerbare naam was. Fiela het respek afgedwing omdat sy (7.18.1) ... was. Elias van Rooyen wou respek afdwing deur (7.18.2) ... te wees. (2)

7.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.19) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.19 E.

"... maar jy's die man wat ek in jou gesoek het ..." (Reël 12–13)

Wat, dink jy, het John Benn in hierdie situasie in Benjamin raakgesien? Hy het gesien Benjamin ...

A weet wie en wat hy is.
B wonder waar hy inpas.
C weet hoe hy geld gaan verdien.
D het besluit dat hy die Van Rooyens sou vergewe. (1)

7.20 John Benn was 'n moeilike man, maar het tog ook 'n sagte kant gehad.

Hoe word hierdie sagte kant van John Benn in dié uittreksel aan die leser oorgedra? (1)

7.21 John Benn was bereid om hom dadelik weer in sy span terug te neem.

Wat sê dit vir ons van Lukas as werker? (1)

7.22 "Ek moet na *miss* Weatherbury se huis toe gaan." (Reël 16–17)

Wat, hoop jy as leser, gaan hierna tussen Lukas en Nina gebeur? (1)

7.23 Watter boodskap dra hierdie drama aan tieners met 'n identiteitskrisis oor? (1)

7.24 Hoe word die titel van die drama in hierdie uittreksel beklemtoon? (1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

SPIEËLBEELDE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

VRAAG 8

8.1 **"ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN" – Margaret Bakkes**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS O

... Maande van pyn en onuitspreeklike frustrasie het gevolg. Maar uiteindelike verligting: die been het aangegroei. Dit was 'n jaar na die ongeluk.

***

... Hy het al sy papiere en getuigskrifte laat waarmerk en aansoek gedoen, sonder veel optimisme. 'n Mens kry nie sommer werk in die wildtuin nie, veral nie met 'n mank been nie, al is hy hoe sterk.

Hy moes vir 'n onderhoud kom, het hulle laat weet. En toe hy by die kantoor uitstap, kon hy dit beswaarlik glo; hy is vir 'n proeftydperk van ses maande aangestel as staptoerveldwagter.

Hy moes olifante skiet wat met helikopters op hom afgejaag word. Hy moes leer by ervare staptoerveldwagters. Hy moes deur 'n malaria-aanval worstel. Hy moes bereid wees om 'n streng gedragskode stip na te kom.

En toe, twee dae gelede, het hy die brief gekry. Hy het die toets deurstaan en is permanent aangestel. Hy sou sy eie staptoerroete kry, sy eie blyplek, sy vier mure teen die suidewind. Die woestynjare is verby. En eendag, wie weet, dalk vroeër as later, sou daar weer 'n Nina wees, wat saam met hom in die bos sou bly, saam met hom sou luister na die naggeluide in die wit maanlig ...

8.1.1 Hoe het die ongeluk gebeur waarin die jongman beseer is? (1)

8.1.2 Watter DRIE gevolge het hierdie ongeluk op die jongman se lewe gehad? (3)

8.1.3 "Hy het al sy papiere en getuigskrifte laat waarmerk en aansoek gedoen, ..." (Reël 4–5)

(a) Wie het vir hom die advertensie vir hierdie werk gewys? (1)

(b) Hoekom was die jongman 'n geskikte kandidaat om die werk te kry? (1)

8.1.4 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Die jongman was afhanklik van sy ma vir sy gesond word. (1)

8.1.5 Waarom kan 'n mens sê dat die jongman se pa hom ondersteun het? Gee TWEE voorbeelde. (2)

8.1.6 Die jongman het VIER geleenthede gehad om in die natuur te wees. Hy het toe besef dis waar hy tuis voel.

Skryf die vier geleenthede onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die jongman het as spoorsnyer in die Caprivi gewerk.
- Die jongman het vir 'n week op 'n wildsplaas vakansie gehou.
- Die jongman het sy kadetjaar as natuurbewaarder gedoen.
- Die jongman het studentewerk in die wildtuin gedoen. (4)

8.1.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (8.1.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 8.1.7 E.

Die woorde "sy vier mure teen die suidewind" (reël 16) beteken dat die jongman …

A sy eie kantoor sou hê.
B veilig in sy eie blyplek sou voel.
C vir hom sy eie huis gaan koop het.
D nie van die suidewind gehou het nie. (1)

8.1.8 "Die woestynjare is verby." (Reël 16–17)

Hierdie woorde beteken dat die jongman se tye (van swaarkry/in die veld) verby was. (1)

8.1.9 "En eendag, wie weet, dalk vroeër as later, sou daar weer 'n Nina wees, ..." (Reël 17–18)

Waarom praat die verteller van "**'n** Nina" en nie net van "Nina" nie? (1)

8.1.10 Die vleikuiken word slegs een keer in die verhaal genoem. Waarvan word die roep van die vleikuiken simbolies in die jongman se lewe? (1)

EN

8.2 **"DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE" – Deon Meyer**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS P

1.
Na een in die oggend. My kop verstrengel in die syfertabelle op die rekenaar, soekend na bevestiging van wins. Onoortuig deur die somtotale, versigtig vir die verleidende lugspieëling van begeerte en hoop.

My selfoon langs die sleutelbord, die skerm wat meteens verlig, daardie breukdeel voor dit lui, die klank skril en skerp in die stilte. Ek sien sy naam. Dit is laat, selfs vir hom.

Ek antwoord. "Robbie?"

"Sy het net hier doodgegaan, Len, sy't net doodgegaan," sy stem hoog en vinnig en vreemd, vol angs en verstomming, sodat die onheil in my oopmaak.

"Wie is dood, Robbie?"

"Die vrou, Len, sy het net ... ek weet nie wat gebeur het nie, sy het ... haar oë, Len, haar oë, ek dink dit was 'n hartaanval, sy lê net hier, ek weet nie wat om te doen nie, dit was nie my skuld nie, ek sweer, dit was nie my skuld nie ..."

Ek moet my eie vrese onderdruk. "Robbie, stadig nou, jy sal moet kalmeer. Waar is jy?"

"In die hotel."

"In jou kamer?"

"Ja. Ek weet nie wat om te doen nie, Len ..."

"Wie is die vrou, Robbie?

"Ek dink haar naam is Sasha."

Ek begin verstaan, ek moet die kommer, die wanhoop uit my stem hou.

8.2.1 Watter werk het die spreker gedoen? (1)

8.2.2 "My selfoon langs die sleutelbord, die skerm wat meteens verlig, ..." (Reël 5)

(a) Wat het gebeur dat Robbie vir Len moes bel? (1)

(b) Watter afleiding kan 'n mens oor hulle verhouding maak uit die feit dat Robbie juis vir Len gebel het? (1)

8.2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.3) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 8.2.3 E.

Die sinne sonder werkwoorde in reël 1–4 …

A steek die spreker se emosies weg.
B skep spanning in hierdie kortverhaal.
C maak dit vir die leser maklik om te lees.
D dui aan dat die spreker aan skok gely het. (1)

8.2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.4) en die antwoord neer.

"Dit is laat, **selfs vir hom**." (Reël 7)

Hierdie woorde dui aan dat dit (normaal/ongewoon) was dat Robbie so laat in die nag sou bel. (1)

8.2.5 "Ek dink haar naam is Sasha." (Reël 23)

Wat kan 'n mens aflei uit die feit dat Robbie nie die vrou se naam geken het nie? (1)

8.2.6 Hoe het Robbie vir Sasha vermoor? (1)

8.2.7 Waarom, dink jy, was dit verkeerd van Len om van Sasha se lyk ontslae te raak? (1)

8.2.8 Verskeie mense het 'n groot invloed op Robbie se lewe gehad.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.2.8(a)–8.2.8(d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Hierdie karakter het vir Robbie as kind mishandel.	A	Clarissa Blom
(b)	Hierdie karakter het vir Robbie emosionele trauma laat beleef.	B	Cybelene
(c)	Hierdie karakter se dood het die ondersoek na Robbie se dade laat begin.	C	Jeff Maree
(d)	Hierdie karakter het vir Robbie as kunstenaar ontdek.	D	Marie de Wee
		E	Wolraad de Wee

(4 x 1) (4)

8.2.9 Wie het 'n einde aan Robbie se lewe gemaak? (1)

8.2.10 Watter rede is vir Robbie se dood/selfdood in die koerantberig gegee? (1)

8.2.11 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (8.2.11(a)–8.2.11(b)) neer.

misdaad; romanse; musiek; gierigheid

Die woord "Ballade" in die titel skep die verwagting dat die kortverhaal 'n lied oor die lewe van Robbie de Wee is. In die slot besef die leser egter dat (a) ... vir Robbie die platform vir (b) ... geskep het. (2)

8.2.12 Dink jy dat hierdie verhaal 'n goeie kortverhaal is? Motiveer jou antwoord deur na die eienskappe van 'n kortverhaal te verwys. (1)

8.2.13 Hoe kry die verteller dit reg dat die leser vir Robbie jammer voel? (1)

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die gedigte.

VRAAG 9

9.1 Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

HUISKAT – Elisabeth Eybers

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar, soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

9.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.1.1) en die antwoord neer.

Op grond van die uiterlike bou kan 'n mens sê dat hierdie gedig 'n (Italiaanse/Engelse) sonnet is. (1)

9.1.2 Watter DRIE dinge doen die kat in versreël 1–2? (3)

9.1.3 Na watter ander lid van die katfamilie word in die gedig verwys? (1)

9.1.4 Hoe weet 'n mens dat die kat se pels sag is? Skryf EEN woord uit strofe 1 neer. (1)

9.1.5 Hoekom is die herhaling van "en" in reël 4 effektief? (1)

9.1.6 Watter vorm het die kat se gesig? (1)

9.1.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (9.1.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 9.1.7 E.

Dit is ironies dat die mens die kat "reggemaak" het (versreël 10), want eintlik het die mens die kat ...

A se wilde natuur hierdeur weggeneem.
B se natuurlike siklus verander.
C aanpasbaar gemaak.
D beter gemaak. (1)

9.1.8 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (9.1.8(a)–9.1.8(b)) neer.

liefdelose; onverantwoordelike; liefdevolle; versigtige

Die woorde "arglistig" en "koud" dui op die kat se (a) ... optrede teenoor die mens. Die woord "behoedsaam" dui op die (b) ... reaksie van die mens. (2)

9.1.9 Kies die aanhaling in KOLOM B wat by die letterkundige aspek in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (9.1.9(a)–9.1.9(d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Metafoor	A	"... **b**uig **b**ehaaglik ..."
(b)	Alliterasie	B	"... dat keel en bors en buik die son kan suig."
(c)	Vergelyking	C	"... skerwe van agaat ..."
(d)	Personifikasie	D	"... vloeibaar, soos 'n blink reptiel ..."
		E	"... steeds eenselwig, alle teerheid stuit."

(4 x 1) (4)

9.1.10 "smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby." (Reël 13–14)

(a) Watter woord dui aan dat die kat die mens probeer terugbetaal? (1)

(b) Hoe betaal die kat die mens terug? Skryf dit in jou eie woorde neer. (1)

9.1.11 Hoe beklemtoon die digter dat die kat anoniem is? (1)

EN

9.2 Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

DIE BOODSKAPPER – Peter Snyders

Die aandster vonkel soe speels vanaand
was daa' 'n knipoeg
van jou
na my?

Djy is so naby
soes die helderste ster
djy's die spoed van 'n gedagte
weg van my

Ek los 'n boodskap
by Venus vir jou –
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
op die omslag

9.2.1 Die titel van die gedig is "Die boodskapper".

(a) Wie is die boodskapper na wie daar in die titel verwys word? (1)

(b) Watter boodskap moet die boodskapper oordra? (1)

9.2.2 Watter soort spreker is in die gedig aan die woord? (1)

9.2.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.2.3) en die antwoord neer.

In strofe 1 kry ons 'n gevoel van (eensaamheid/romanse). (1)

9.2.4 Haal 'n reël uit strofe 2 aan waarin 'n hiperbool voorkom. (1)

9.2.5 Watter woord in strofe 2 kontrasteer met "naby"? (1)

9.2.6 Wat moes die geliefde doen om die briefie in die hande te kry? (1)

9.2.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (9.2.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 9.2.7 E.

Die titel skep die idee dat die spreker nie by die geliefde is nie. Watter ander aanduiding in die gedig wys dat hulle nie by mekaar is nie?

A Die spreker sê die aandster knipoog.
B Die spreker gee vir die geliefde 'n soentjie.
C Die spreker los vir die geliefde 'n boodskap by Venus.
D Die spreker vergelyk die geliefde met die helderste ster. (1)

9.2.8 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Die gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers. (1)

9.2.9 Waarom verwys die spreker in die gedig spesifiek na Venus? (1)

9.2.10 Waarom is die taalgebruik in die gedig aanvaarbaar? (1)

9.2.11 Sou jy daarvan gehou het as jy so 'n briefie van jou geliefde af gekry het? Motiveer jou antwoord. (1)

9.2.12 Vandag sal verliefdes so 'n brief met "Mwah!" afsluit. Hoe sluit die spreker in hierdie gedig die liefdesbrief af? (1)

9.2.13 Die volgende gebeure hou verband met die verloop van die gebeure in die gedig.

Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die spreker het aan die geliefde gedink.
- Die aandster het die spreker aan die geliefde herinner.
- Die spreker het die geliefde vertel waar die briefie was.
- Die spreker het vir die geliefde 'n briefie geskryf. (4)

[35]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou